**Reeks:** Ontmoet Jesus, weer. Vir die eerste keer...
**Titel:** ...In wat jy Doen
**Prediker:** Stephan Joubert
**Datum:** 9 Oktober 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Daar is min mense wat nie op Jesus se pad stap en 'n behoefte het om nader aan Hom te loop nie. Mens kan so gewoond raak aan Jesus dat jy Hom as vanselfsprekend noem, aanbid, besing, bespreek en belees. Jesus kan so vanselfsprekend word dat, ja, jy jou lewe maar kan lewe saam met Hom maar nie rondom Hom en in Hom nie, en daarom, as jy vra hoe jy moet leef dan wil ek jou eintlik net uitnooi om vanoggend saam met my te reis en Jesus opnuut te beleef.

As ek my mag voorstel, my naam is Markus. Ek het die voorreg gehad om saam met die twee groot leiers van die vroeë kerk te stap, saam met Paulus en Petrus. Ek het die voorreg gehad om op die sendingvelde by Paulus te leer hoe dit is om op Jesus se hakke te loop en wat die prys is wat dit jou kos, en saam met Petrus uiteintlik kort voor sy dood nog in Rome beleef dat, ja, Jesus tot aan die einde van 'n mens se lewe, as jy uitverkoop is aan Hom, die vlam is wat jou hart aan die brand hou, en daarom ook die boek wat ek geskryf het, die Evangelie wat jy dalk al gelees het maar dalk vanoggend vir die eerste keer moet ontmoet sodat jou lewe in verwondering voor Jesus kan wees.

Dit het alles begin, so sal jy onthou, in een... vers een toe die Evangelie deur Johannes die Doper grond geraak het in die Judese Woestyn, en die mense het in hulle massas gekom, maar toe daag Jesus self daar op en Johannes het Hom ook gedoop. En toe Johannes vir Jesus doop toe gaan die hemele oop en toe praat God en toe sê Hy, dit is my geliefde Seun oor wie Ek my verheug.

God het grond gevat in die woestyn en kort daarna het Jesus begin optree in 'n klein dorpie daar aan die noordwestelike oewer van die See van Galilea wat bekend staan as Kapernaum, waar Hy ook die meeste van Sy tyd deurgebring het. En dit was daar op 'n Sabbat dag, in Markus een, daar by vers 21, dat konsternasie in die plaaslike sinagoge losgebreek het toe Jesus die duiwelbesetene bevry het van 'n duiwel en almal gewonder het wie is Hy en die duiwel sommer gesê het dit is die Seun van God.

God het grond geraak. Sy voete het op aarde getrap, en meteens was alles anderster. Jesus se hart het gebloei vir gewone mense, vir die melaatse waarvan u sal lees daar vanaf vers 40 in hoofstuk een. Nee, Hy was nie soos julle miskien dink 'n super spesialis uit die hemel met 'n reuse aardse praktyk waar jy enigiets van jou blinde oë tot jou stukkende rug tot wat ookal na Hom toe gebring het nie. Jy sou nie in 'n wagkamer op Jesus gewag het soos vandag by 'n dokter nie want die mense wat Hy genees het was onrein, hulle was op die kant, hulle was buite. Hulle was bietjie in die donker.

As jy melaats was moes jy uitgeroep het 50 tree van iemand af, maar as die melaatse vir Jesus vra as U wil kan U my genees dan roep die hemel uit Ek wil, en dan steek God die grens, die onoorbrugbare grens in Jesus oor en raak aan die melaatse, en hy is genees en alles is vir altyd anders. Daar in Kapernaum het Jesus die hemele oop gehad. Daar kon jy sien hoe God se vingerafdrukke lyk as dit aan mense raak, sommer daar by Petrus se woonhuis. Nee, Jesus het nie 'n spesiale hoofkwartier gehad nie, sommer daar by Petrus se woonhuis, daar tussen die gewone mense.

Op 'n oggend of 'n dag terwyl Jesus geleer het en die huis vol mense was, in hoofstuk twee, breek die dak ewe skielik oop en terwyl die stof en die roet afval en almal verbaas staan sak 'n... sak 'n siek man met die hulp van sy vier vriende, 'n verlamde, tot daar voor Jesus se voete. En dan doen Hy 'n skokkende ding, want Hy is mos nou maar nie net 'n gewone dokter nie. Hy is die Geneesheer uit hemel wat die siel kom aanraak, wat jou laat anderster leef as jy Hom regtig verstaan, en daarom sê Hy toe vir hierdie man, jou sondes is vergewe.

Die godsdienstige leiers was so kwaad. Hulle was so kwaad want net God kan sondes vergewe. Jesus het Hom aan God se kant geskaar. En toe vra Hy vir hulle 'n vraag. Wat is makliker, om vir iemand te sê staan op en loop of jou sondes is vergewe? En om te bewys dat Hy die Seun van God is wat albei kan doen het hy ook albei gedoen. Jesus het nie gepas in die gietvorm nie.


**© 2011 Mosaïek**

Hy was nie soos julle baiekeer dink aan Hom, die held van die Kinderbybel, Jesulein süss, soos wat julle groot Johann Sebastian Bach oor Hom sing nie, liewe Jesus sag en teer nie. Hy was so bietjie aan die ander kant, daarom die pandemonium wat losbreek in Markus drie vanaf vers 23 as Jesus Hom nie steur aan Sabbat nie, want as jy 'n Jood was het jy Sabbat gehou. 'n Goeie Jood hou God se groot dag, maar Jesus het nie.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Toe sy dissipels honger was het hulle koringare gepluk en toe almal geskok is toe sê Hy maar Hy is nou die Here van die Sabbat en dat die mens nie gemaak is vir Shabbat nie maar anderster om. Kort daarna in daardie einste sinagoge waar die duiwels nou die dag gesidder en gebeef en gevlug het toe Jesus gepraat het, toe is daar weer 'n man met 'n gebreklike hand, jy sal in 3:1-5 daarvan lees, en toe genees Jesus hom, en toe is die skrif teen die muur, toe is die eerste doodsvonnis uitgereik.

Toe besluit die Herodiane en die godsdienstige leiers hierdie man moet dood. Hy is 'n publieke gevaar, die Seun van God wat nie tuis is op aarde nie, maar gewone mense het gekom, die onreines, die siekes, die stukkendes, diegene wat in donker, donker land bly, wat geen hoop het nie, wat in doodloopstrate, in cul-de-sacs rondhang. Vir hulle het Hy 'n lig aangesit. Vir Markus die... vir Levi die groot tollenaar wat daar in Kapernaum gebly het, en vir sy vriende. Vir onreines was die hemele oop.

Maar mens se familie voel gewoonlik ongemaklik as jy so buite die boks is en al die godsdienstiges jou verwerp en al die sondaars by jou tuiskom. Daarom het Jesus se broers daar van Nasaret se kant af oorgekom, sal jy lees ook in Markus drie daar vanaf vers 20, om Hom te kom wegvat want hulle het gedink Hy het van Sy kop af geraak. En toe kom die groot godsdienstige teologiese kokkedore van Jerusalem af, en hulle sou weet wie is Hy regtig. Toe kom hulle... toe kom hulle konklusie in vers 21 van hoofstuk drie: Hy is vriende met Beëlsebul. Dis die duiwel wat op aarde is.

Hoe verskriklik dat godsdiens in God vasloop en Hom die duiwel verklaar. Mens se hart wil breek, maar dis wie Jesus is. Hy pas nie in die gietvorm van godsdiens nie. Hy is nie sakpas gemaak en ontwerp, veilig, rustig, voorspelbaar, vervelig, vaal nie. Hy is die Jesus wat selfs godsdiens uit die pad lewe en loop. Selfs sy ma moet hoor, as sy Hom wil kom haal, dat sy ware familie is diegene wat die wil van Sy Vader doen, en hoe verrassend anders was Sy leringe nie.

Dit was nie 'n preek nommer een, twee en drie en dan het jy geweet aan die einde van punt drie kom daar 'n klein toepassingtjie en dan moet jy weer wakker word sodat jy kan kollekte gee en huis toe gaan. Jy weet, sommer so in die oop veld het Hy die groot venster op God oopgemaak, die gordyn weggetrek, het jy Sy groot verhale oor die Koninkryk van God gehoor wat... ja, soos die saad is wat op verskillende plekke val, of soos die mosterdsaadjie wat klein begin en groot eindig.

Ten midde van Sy kragtige leringe het Hy selfs op 'n dag aan die einde van Markus vier daar op die onstuimige see van Galilea die golwe stil gepraat toe die varswater see losgebars het in woede. Petrus vertel dat hy... dat hulle onder mekaar gewonder het wie kan Hy tog wees dat selfs die winde na Hom luister. Dis God in aksie.

En net daarna het Hy Sy hand daar in Kapernaum in die doderyk gesit, in Hades, en Jairus se dogtertjie wat dood is raakgevat en haar ou lewelose liggaampie vol lewe gemaak, en almal het gelag en gespot te Hy gesê het sy slaap maar net, maar vir God is die dood soos die slaap. Hy maak jou enige oomblik wakker, die onstuimige Jesus wat melaatses aan Hom laat vat, wat onreines naby Hom toelaat, wat die doderyk skud, wat die winde stil praat, en wat die godsdienstiges radeloos kwaad maak sodat die doodsvonnisse op Hom reën.

Op 'n dag het Hy begin vertel toe Hy daar in die noordelikste dorpie was waar Hy ooit was in Galilea, in Sisseria Fillipi, en al die dissipels so bewus was van al die praat oor Jesus. Toe vra Hy vir hulle, nou maar, wie sê die mense is Ek, en uiteindelik daardie vraag in 8:27, maar wie sê julle, wie sê julle is ek, want jy kan nie in Jesus vasloop as jy nie regtig gekonfronteer word met die vraag, jy het nou gehoor wat die mense sê, jy het nou die publieke opinie, maar jy, wie sê jy? En toe het Petrus bely U is die Christus.

Toe verduidelik Jesus van daar af, daar vanaf hoofstuk agt tot hoofstuk nege en tien, drie keer dat hy moet kom ly. Hy gaan nie die smaak van die week wees, die geur van die maand nie. Die aflosstokkie wat Hy in die hemel gekry het gaan nie 'n goue kroon wees nie, maar 'n houtkruis. Die aflosstokkie wat Hy na jou en my aangee gaan nie gewildheid en sukses en voordele en gerief en genot wees nie, maar 'n beker vol lyding. Hoe het die dissipels nie gesukkel om dit te verstaan nie.


**© 2011 Mosaïek**

Op ‘n dag daar in Markus tien sal jy daarvan lees. So het Petrus later vertel, het Johannes en Jakobus juis vir Jesus so eenkant afgehok en vir Hom gesê maar, Here, ons wil graag vir U iets vra. Ons wil die twee belangrikste plekke in die hemel hê, en toe het Hy vir al Sy dissipels daar in vers 42 en verder verduidelik dat Sy Koninkryk anderster is. In Sy Koninkryk is dit nie hulle wat voor is wat wen nie maar hulle wat agter is, is dit nie hulle wat groot is wat sterk is nie, maar hulle wat swak is. Hy het juis gekom om die rolle om te draai.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Jy moet regtig in Jesus vasloop, die outentieke Jesus, die Jesus wat van Kapernaum af in die stofstrate loop, wat vir die Levi’s naby Hom toelaat en die melaatses en die onreines. Dis Hy wat sê hoe kleiner jy voor My word hoe meer kan Ek jou gebruik, en hoe swakker jy is hoe meer kan My groot krag in jou werk. Wanneer jy hierdie Jesus ontmoet verander alles. En toe kom hy in Jerusalem aan. Soos alle pelgrims van Galilea en regoor die Romeinse Ryk het Hy na Jerusalem toe gekom vir die viering van die Paasfees, na Sy Vader se hoofstad. En toe hy op die Sondag in Markus 11 daar van Betanië se kant af teen die Olyfberg afgaan was die mense so opgewonde. Miskien is God hier. Miskien het die Messias gekom. Miskien is dit die Seun van Dawid, en toe het ‘n klomp dit sommer hardop uitgeroep, Hosanna, prys Hom.

Wat ‘n verrassing het egter nie op Jesus gewag nie. Nadat Hy teruggegaan het Betanië toe en die Maandag weer in Jerusalem aangekom het, wat ‘n verrassing het op Hom gewag. God se stad was Godloos en die mense in die stad was goddeloos. Dit was asof God verban was uit Sy stad soos wat hulle binnekort met God se Kind sou doen, want die tempel waar sy Vader aanbid moes word het ‘n rowersnes geword en Hy kon dit nie vat nie, en daarom het Hy die... daar in die voorkante waar die ouens die geld gewissel het die plek omgekeer. En daar was pandemonium in Jerusalem want die tempel, God se huis, was lankal nie meer nie.

Die Woensdag... of die Dinsdag toe Jesus in Jerusalem weer aankom was dit Sy groot dag om te leer, die grootste dag van leringe wat Jesus ooit op aarde gehou het, en dit bet begin met al die godsdienstiges wat tou gestaan het om Hom in ‘n hoek te probeer kry om Hom te ontmasker, om te bewys Hy is toe nou nie God se Seun nie. O, daar was baie vrae wat op Hom neergereën het. Moet ‘n mens belasting aan die keiser betaal? Die vrou met die sewe mans, wie is nou haar man, noem maar op, en wat is die grootste gebod in die wet.

Maar so tussendeur lewer Jesus daardie Dinsdag sy lering wat finaal die doodsvonnis teken as Hy vertel van Sy Vader wat... ja, wat soos ‘n boer is met ‘n grond wat hy verhuur het en dan vermoor die huurders die een na die ander slaaf wat die geld kom haal, en uiteindelik kom die vader se seun en dan word hy ook doodgemaak, en dan weet die godsdienstige leiers Jesus sê Hy is God se Kind, en dan in die stad van God lui die doodsklokke.

Dis die gevaarlike Jesus, die Jesus wat jy nie net kan volg as dit vir jou veilig en gerieflik en maklik is en as hy mooi inpas in jou geriefsone nie, die ongemaklike Jesus van die storms, die Jesus van die oop pad in die veld, die Jesus wat in Sy Vader se stad ‘n persona non grata is. Terwyl die godsdienstiges hulle messe skerpmaak en hulle plannetjies smee is dit Woensdag die dag wat Jesus in Betanië is, en dan, terwyl Hy daar in Betanië is dan het Hy vir ‘n oomblik dieselfde heimwee wanneer die vrou daar inbars en al hierdie olie oor Hom uitgooi as wat maar ‘n dag of wat vantevore gebeur het, want ook in Markus 12 het dieselfde gebeur.

Die twee vroue van die Dinsdag en die Woensdag is aangrypend en vertel wat gebeur as jy regtig in Jesus vasloop. Hy het nog daardie Dinsdag toe Hy so Sy groot leringe gehad het, en net voordat Hy finaal die tempel afgeskryf het en die einde van die tyd aangekondig het, het Hy daar by die tempel in Markus 12 gesien hoe ‘n vrou ‘n ou muntstukkie in haar hand het waarvan ek een voorbeeld het, en dit is... die ander enetjie het nou daar op die grond geval. Dit is die muntstukkies wat die vrou daar in die tempel se skatkis gegooi het, Markus 12:41-44, ‘n kwadrantes [?]. ‘n 64ste van ‘n dagloon.

Jesus het Sy oog gehad het op gewone mense, iemand wat hulle broodgeld gee. Hierdie muntstukkie is so klein en tog het God gehoor toe dit in die tempel geval het. Miskien het julle gehoor hier voor toe dit geval het op die grond, maar mens hoor nie eers as hierdie muntstukkie val nie, so klein en onbelangrik is dit, maar God het gehoor en die nuwe miljoenêr is pas gebore toe die vrou haar laaste sente gegee het.

Dieselfde gebeur die Woensdag. Hy eet by Simon die Melaatse. ‘n Vrou hardloop in en gooi kosbare nardusolie oor Sy kop uit. Die godsdienstige leiers en selfs ook die dissipels en almal sou sekerlik geskok gewees het, soos wat die dissipels inderdaad was, want dit is 300 muntstukke se geld, so vertel die teks vir jou in Markus 14:3-10, en het van die dissipels gesê hierdie geld kon gebruik gewees het om vir baie mense kos te gee. 300 silwer muntstukke was ‘n jaar en ‘n half se inkomste en hierdie morsige vrou gooi alles in een oomblik op Jesus uit, en


**© 2011 Mosaïek**

Jesus sê laat staan haar. Wat sy kon het sy gedoen. Sy het my liggaam voorberei vir die begrafnis en orals in die wêreld waar die Evangelie verkondig word sal sy in die foto album wees. Sy is een van my nuwe helde.

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Jy sien, Jesus het ander helde. Sy helde is die vrou wat haar laaste muntstukkies ingooi, die morsige vrou wat 'n jaar en 'n half se geld op Sy kop uitgooi, die melaatse wat dit waag om sy weg te versper in Markus een, die dissipels wat hoor dat hulle soos kinders moet wees en klein moet wees en agter in die tou val. Dis wat gebeur wanneer jy Jesus regtig raakloop. Dan gooi Hy jou vir altyd uit jou geriefsone uit en uit jou veilige nessie en uit die plek wat jy vir gentle Jesus voorberei het, want dan is Hy nie meer daar nie.

En toe, die Donderdag terwyl die fees van die ongesuurde brode aangebreek het het Jesus daar in Jerusalem saam met sy dissipels die paasmaal geeët en dit die nagmaal gemaak, het hy vir Sy dissipels gesê Hy bring 'n nuwe ete wat Sy gelowiges sal eet, en net daarna toe is Hy uit Gestemané toe, daar aan die voet van die Olyfberg. En daar het Hy Sy bekende woorde gebid, dat... in vers 36 en 37, dat die Vader hierdie beker by Hom moet laat verbygaan, en toe kom verraai Judas Hom met die soen. En toe word Hy gevang en weggesleep en gevat daar na die huis van Pontius Pilates toe.

Ek, Markus, het nog tot daar toe gevolg. Julle sal lees daar in vers 50 van hoofstuk 14 van my, en toe hulle my ook wou vang het ek maar my klere gelos en kaal weggehardloop. Petrus het darem nog enduit gestap maar uiteindelik het hy ook, toe Jesus daar by Pontius Pilates was Hom verloën. Maar die doodsklok lui finaal as die hoëpriester vir Jesus vra, maar wie is Jy? Is Jy nou regtig, sê nou vir ons eerlik, en Jesus erken dat Hy die Seun van God is, die Seun van die mens wat op die wolke sal kom. En toe skeur die hoëpriester sy klere, Hy en almal saam met hom, en toe vat die Joodse soldate Jesus en hulle spoeg op Hom en hulle klap Hom en hulle slaan Hom soos wat jy in vers 65 sal lees. Dis wat die wêreld, die godsdiens van die dag van die Seun van God dink. Hulle spoeg is goed genoeg om aan Hom vas te plak. Hulle vuishoue is goed genoeg om Hom op sy plek te sit.

En dan verloën Petrus ook vir Jesus, die leier onder die apostels. Ek ken Hom nie. Hy sweer en hy vloek Hy ken hom nie, en uiteindelik is Jesus voor Pontius Pilates, en Hy probeer nog red maar die skare se krete in hoofstuk 15 vers 10 en 11 en verder eggo in ons ore: kruisig Hom, kruisig Hom. Die al wat die wêreld vir Jesus kan sê. Hy verdien 'n kruis. Maak God stil. Ons wil nie 'n God hê wat sondaars en swakkelinge en mense wat agter in die ry is en blindes en onreines en vroue wat hulle broodgeld weggee en vroue wat hulle mans se geld uitmors in olie op Sy kop. Ons wil nie so 'n Jesus hê nie.

Ons wil 'n Jesus hê wat wanneer ons op ons vingers klap spring, wat soos 'n spesialis is sodat ons nie meer hoef te betaal nie, en wat ons veilig en gerieflik hou, wat ons geriefsone vir ons nog geriefliker maak. Kruisig hom. En toe gee Pilates Hom oor en hulle gésel Hom weer 'n keer, en toe gaan Hy na die soldate toe daar in die Burg Antonia, en hulle het hom 'n kroon op Sy kop gedruk van dorings gevleg en pers klere aangetrek en Hom herhaaldelik met stokke oor die kop geslaan en Hom weer gespoeg en vir Hom gesê, toe, profeteer nou vir ons, en toe Hom kaal uitgetrek en aan die kruis vasgeslaan.

En toe sit God die son af want God se Kind kan nie doodgaan en ly as die son brand nie. Dit was die sesde uur. Dit was hier teen die middel van die dag dat die son helder moes skyn dat God die son helder moes skyn dat God die son afgesit het. Vir drie ure lank was dit donker. God se trane het die wêreld donker gehuil. God kon dit nie vat nie dat die Kind van die hemel wat gesê het die Koninkryk van God is by julle, wat die hemel laat aarde raak het, wat hoop vir hopeloses gebied het, wat lig in die donker gebied het, dat die wêreld Sy lig afgesit het. En toe God die son aansit toe kreet Jesus dit finaal uit, my God, my God, waarom U ook, en toe sterf Hy, toe blaas Hy Sy asem uit, toe gaan Hy dood.

Maar jy sal opmerk daar in vers 38 van hoofstuk 15 gebeur 'n wonderlike ding. Die Romiense offisier by die kruis is die eerste bekeerling by die kruis na die dood van Jesus. Hy roep uit, hierdie Man was waarlik die Seun van God. En jy moet weet dat die Romeinse offisier by die kruis die die ou was wat die wreedste van alle wreedaards was. Hy is die man wat die kruis georkestreer het, wat dit so aanskoulik en so bloeddorstig en so skrikwekkend as moontlik moes maak, en toe Jesus sterf toe raak God aan hom en dis wat gebeur as jy Jesus ontmoet. Toe gaan sy oë oop, en die eerste belydenis as Jesus sy asem uitblaas, ja, selfs nog na die man van wie Lukas vertel het, die man langs Hom aan die kruis wat gehoor het vandag sal jy saam met My wees, is dit die offisier, die misdadiger, wat die voorbeeld word vir wie Jesus gekom het.

En dan is Hy in die graf tot die Sondagoggend. Op die derde dag, in hoofstuk 16:1-8 sal jy lees dat die vroue op dag drie na Sy graf toe gegaan het en toe die skok, die klip was weggerol. Die twee Marias en die ander vroue wat


**© 2011 Mosaïek**

wil... hulde wou bring aan die dooie Jesus in die vol graf, en toe vind hulle uit die graf is leeg want die kruis was al klaar kaal gewees, maar nou was die graf ook leeg. En toe sien hulle die jong man in die wil klere wat daar sit en vir hulle sê Hy is nie hier nie. Gaan vooruit Galilea toe. Hy het opgestaan.

Dit is die grootste belydenis oor Jesus, dat Hy nie net die kruis geklop het nie maar die dood uit die pad uit geloop het, dat dood se bluf geroep is, dat die dood nie meer Skoppenboer is nie, maar Jesus die Here is, dat die kruis verlate staan en die klip weggerol is. Hy is nie hier nie. Hy het opgestaan en Hy leef, en gaan vooruit na Galilea toe, julle sal Hom daar kry. Toe was die vroue bang. Hulle het nie gepraat nie, maar hulle het later, want dis ook wat gebeur met jou lewe.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆
posbus 1658, fairland 2030 ◆
t: 011 268 4700 ◆
f:011 268 4800 ◆
info@mosaiek.com ◆
www.mosaiek.com ◆

As jy regtig in Jesus vasloop dan kom daar ‘n heilige eerbied vir Hom. Dan is jy soos die vroue wat ‘n leeftyd saam met Hom was maar wat elke keer as jy nuut in Hom vasloop ‘n heilige eerbied vir die Here het. Dan is jy nooit te tuis of te familiêr, te gemaklik of te gerieflik saam met Jesus nie, dan kan jy nie meer soos Maria Magdalena Hom probeer omhels nie soos wat Johannes jou vertel, want dis die Christus, die Kind van die hemel, die Koning van hemel en aarde in wie jy vasgeloop het.

En jy sien, Jesus wil nie hê jy moet ‘n klomp dinge vir Hom gaan doen nie. Hy wil nie hê jy moet \n klomp moralistiese lewensstyltjies gaan navolg nie. Hy wil hê jy moet saam met Hom leef, en dis maar wat gebeur het en hoekom ek hierdie boek vir jou geskryf het, die Markus Evangelie. Nie sodat jy \n paar mooi dinge vir die Here gaan doen nie, maar sodat jy Jesus raaksien asof vir die eerste keer en jy soos die melaatse sê as U wil, Here, kan U my aanraak, en Hy wil. En waar jy leer saam met die apostels om, Here, as U wil kan U my leer om agter in die ry in te val, en Hy sal jou dit leer sodat jy ‘n dienskneg hart het. En as jy wil leer om alles weg te gee soos die vrou wat haar laaste muntstukke weg te gee het sal Hy jou dit ook leer, om met ‘n oop en ‘n ruim hart te lewe.

Ek het die voorreg gehad om saam met die groot leiers te loop, om te sien hoe Paulus en Petrus enduit die vlam van die Evangelie gehou het, hoe hulle daar in Rome, soos wat Paulus keer op keer gesê het, vir my is om te lewe Christus, ook sy lewe vir Christus gegee het, en ek het gesien wat hy geskryf het, dat die dood net ‘n wins is, want hy het geweet Jesus het die hekke van die dood uit die pad uit geloop. En ek het gesien hoe ons geliefde Petrus onderstebo gekruisig is vir die Here. En al wat oorgebly het is die verhaal, net die verhaal van Jesus, en ek het dit vertel sodat jy en ek dit saam kan gaan leef. So klink die Evangelie soos waarmee hierdie boek begin het. So klink die Evangelie van Jesus Christus. Mag jy in Jesus vasloop asof vir die eerste keer, amen.

Here, dankie dat ons saam met Markus kon reis. Leer ons, wys ons hoe om vir U te lewe. Jesus, ons het so gewoond geraak aan heilige dinge, veral aan U. Ruk ons uit ons gemaksone en maak ons oë oop, Here, dat ons U nie sal probeer tem of dit waag om U te probeer mak maak om in te pas in ons klein wêreldjie, ons eie voorstellingtjie van ‘n veilige Here nie. Leer ons om U te ontmoet en in verwondering saam met U te lewe, om elke dag van voor af deur U verras, uitgedaag en verander te word. Hoor ons as ons dit bid in die U naam, U wat leef tot in alle ewigheid, U wie Jesus die Here is, amen.

Die vrede van die Here is by jou. Gaan in vrede, amen.

die kuns van lewe


**© 2011 Mosaïek**